**Graad 5 PMW**

**Kinderregte en Mishandeling (4 sessies van 30min elk oor 2 weke)**

**Bl. 60-61 & 66-67 & 70-71**

**Woordelys bl. 200-204**

**Voltooi die volgende vrae op 'n lyntjies blaai. Onthou om lyntjies oop te los tussen elke vraag.**

**Werk netjies en geniet dit.**

1. Skryf die definisies van die volgende woorde neer.

   **Kinderregte** **Geskend** **Mishandeling**

   **Fisieke Mishandeling** **Emosionele Mishandeling** **Verwaarlosing**

2. In die blokkie is daar 12 kinderregte en verantwoordelikhede.
3. Maak 'n plakkaat op 'n skoon A4 blaai om mense bewus te maak van 4 van hierdie regte en verantwoordelikhede.

## Kinderegte en verantwoordelikhede

**Kindergte in ROOI**

**Verantwoordelikhede in BLOU**

- Reg op gelyke behandeling- Ongeag my status, ras of kleur behandel ek ander soos ek behandel wil word
- Reg op menswaardigheid en respek- Betoon in alle opsigte respek teenoor jou naaste
- Reg op lewe- Om my lewe en liggaam nie onnodig in gevaar te stel nie
- Reg op veiligheid en Vryheid- Om veiligheidsbewus te lewe en keuses te kan maak
- Reg op beskerming teen gedwonge arbeid- Om eers vanaf sestien jaar 'n "beroep"te beoefen
- Privaatheid- Respekteer ander mense se privaatheid en hou ander se inligting privaat
- Reg op Vryheid van geloof- Respekteer ander se geloof en godsdiens
- Reg op Vryheid van spraak- Pas jou eie beginsels toe en leef dit uit in die openbaar
- Reg op onderwys- Ontwikkel liggaamlik en verstandlik
- Reg op toegang tot gesondheidsorg, voedsel en water- Gebruik mediese behandeling, voedsel en water verantwoordelik
- Reg op maatskaplike dienste- Maak gebruik van 'n kinderlyn en sielkundige
- Reg op veilige en skoon omgewing- 'n Veilige skoon tuiste

4. Noem 3 soorte mishandeling.
5. Skryf by elke soort mishandeling 3 dinge wat gebeur in hierdie tipe mishandeling situasie. Bv. Verwaarlosing→ Die kind het nie genoeg kos om te eet nie.
6. Watter soort mishandeling is sigbaar aan die kind se lyf?
7. Lees die gesprek tussen Johan en Gert en beantwoord die volgende vrae.

**Johan en Gert se gesprek in die swembad. Altwee seuns is 12 jaar oud.**

**Gert**: Hoekom het jy so baie bloukolle op jou rug?

**Johan**: My pa het my geslaan.

Gert: Hoekom het hy jou geslaan?

**Johan**: Ek het perongeluk water uit die bad uit gemors toe ek gaan bad het nadat ek die grasgesny het.

**Gert**: Dit is mos nie 'n goeie rede om jou oor die rug te slaan nie.

**Johan**: Dit was nie al nie, hy het ook gesê dat ek niks mag eet of drink die volgende dag nie en vir my gesê ek is 'n dom kind en hoort nie hier in die huis nie.

**Gert**: Ek dink ons moet my pa gaan sê dat dit met jou gebeur het dalk kan hy help.

**Johan**: Baie dankie Gert, maar kom ons los dit eerder net.

**Gert**: Nee, ons gaan dit nie los nie, jy het regte en dit is nie reg dat jy so mishandeling word nie. As jy voel jy word mishandel moet jy so gou as moontlik met iemand wat jy vertrou gesels, 'n onderwyser, dominee, sport afrigter of enige volwassene, sodat dit sou gou as moontlik stop gesit kan word. Moenie bang wees nie, jy doen nie iets verkeerd as jy dit vir iemand vertel nie. Jy verdien nie om so behandel te word nie. Jy is spesiaal en moet liefdevol behandel word by die huis. Dit is die plek waar jy moet veilig voel.

7.1 Dink jy Gert het die regte ding gedoen om vir sy pa te gaan sê?
7.2 Watter tipe mishandeling ervaar Johan by die huis en gee 'n voorbeeld van elk uit die stukkie uit.
7.3 Wat sou jy gedoen het as jy in Johan se situasie was?
7.4 Wat sou jy gedoen het as jy in Gert se situasie was?

